higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

11 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 B
2.2 D
2.3 C
2.4 A
2.5 B
2.6 B
2.7 B
2.8 D
2.9 B
2.10 C

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 D
3.2 A
3.3 E
3.4 B
3.5 C

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Die beheeer en hantering van biologiese behoeftes soos die aanleer van toiletgewoontes
- Die ontwikkeling van taalvermoë
- Die ontwikkeling van 'n gewete
- Die ontwikkeling van 'n begrip van die sosiale wêreld
- Die ontwikkeling van outonomie en inisiatief
- Die aanleer van geslagstoepaslike gedrag (Enige 5 × 2) (10)

4.2
- Ouers moet weet wat die inhoud is van die programme waarna hulle kinders kyk.
- Pro-sosiale programme moet aangemoedig word.
- Anti-sosiale programme moet vermy word.
- Kinders moet geleer word om selektief te wees met die programme waarna hulle kyk.
- Programme moet met hulle bespreek word en daar moet uitgewys word dat geweld skadelik is. (Enige 3 × 2) (6)

4.3
- Onderwysers moet fisiese spel aanmoedig namate kinders beter beheer oor hulle liggame verkry.
- Hulle moet aangemoedig word om die inisiatief te neem en te glo in hulle vermoë om te slaag.
- Foute wat op hierdie stadium gemaak word is goeie geleenthede om te leer.
- Te veel skuld op hierdie stadium kan die kind se kreatiwiteit en vrye interaksie met andere inhibeer. (Enige 3 × 2) (6)

4.4
4.4.1 C
4.4.2 E
4.4.3 D
4.4.4 B
(4 × 2) (8)

4.5 Stadium 1 Pre-konvensionele moraliteit (5–9 jaar)
- Dit gaan oor belang van die self.
- Die kind leer wat verkeerd is, gebaseer op sy straf.
- Die kind gehoorsaam die reëls om straf te vermy.
- Regte en verkeerde gedrag hang af van die soort straf wat betrokke is.
(Enige 3 × 2) (6)

4.6
- Die instink vir selfbehoud
- Seksuele instink (biologiese voortplanting) (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.7
- Dit is ‘n algemene vorm van toetsing wat gebruik word om die kind se persoonlikheid te assesseer.
- Die navorser vra nie direk vrae nie.
- Die kind kry ‘n dubbelsinnige prent, taak of situasie en moet dan:
- ‘n storie opmaak;
- of die prente interpreteer
- of raai wat die uitkoms van die situasie sal wees.
- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie.
- Daar word aanvaar dat die kind sy of haar eie gevoelens, houdings, angste en behoeftes op die situasie sal projekteer. (Enige 6 × 1) (6)

4.8
- Dit is subjektief.
- Daar is ongekontroleerde veranderlikes.
- Dit het betrekking op een spesifieke individu.
- Oorsaak-gevolg-verhouding kan nie bepaal word nie.
- Veralgemenings kan nie gemaak word nie. (Enige 2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 5

5.1
- huil
- gebare
- gebrabbel
- babageluide
- emosionele uitdrukkings (5 × 1) (5)

5.2 5.2.1
- Die kind leer taal binne sy omgewing praat✓
- Die kind se taal word weerspieël in sy omgewing.
- Word die kind genoeg blootgestel aan boeke?
- Het die kind voldoende geleenthede vir spel, verkenning en ontdekking?
- Is daar ‘n volwassene wat genoeg tyd met die kind spandeer,
- vir hom lees of vir hom stories vertel,
- aandag aan hom skenk,
- met hom praat en na hom luister? (Enige 4 × 1) (4)

5.2.2
- Die intelligente kind begin vroeër praat as die minder intelligente kind.
- Mens kan egter nie veralgemeen nie omdat ander faktore ook ‘n rol speel.
- Waak daarteen om afleidings te maak oor die kind se IK op grond van die ouderdom waarop hy begin praat. (3 × 1) (3)

5.3 5.3.1 Normale hakkel

- Dit is tydelik.
- Dit vind plaas wanneer die kind leer om te praat.
- Dit is algemeen tussen die ouderdom van 2–6 jaar.
- Dit verdwyn op sy eie binne ‘n paar weke of maande.

(Enige 2 × 1)

Volgehoue hakkel

- Die kind raak bewus van wat hy doen en probeer om die spraak doelbewus te korrigeer.
- Hy maak verwronge bewegings met sy gesig en tong en sy hele lyf verwring.
- Die gehakkel duur voort na die ouderdom van ses jaar en regverdig ‘n intervensie. (Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

5.3.2 Hulp vir die kind wat hakkel.

- Aktiwiteite om spanning te verlig kan by die sentrum vir vroeë kinderontwikkeling voorsien word om die kind deur ‘n moeilike situasie te help.
- Moenie die kind se spraak korrigeer nie.
- Moenie die kind kritiseer nie; luister aandagtig.
- Moenie wys dat jy jou vir hom/haar skaam nie.
- Help die kind om meer onafhanklik te word.
- Brei sy/haar woordeskat uit.
- Gebruik dramatiese spel, waterspel en ander aktiwiteite wat aggressie verlig.
- Die ouers moet vir verdere hulp verwys word indien dit lyk of hulle sterk reageer op die gedrag. Die sielkundige of spraakterapeut kan help.
- Infantiele spraakpatrone soos lispel of ‘n effense gehakkel is aanvaarbaar tot die ouderdom van ses jaar, maar volgehoue en opvallend onduidelike spraak moet deur ‘n spraakterapeut behandel word.
- Die kind se gehoor kan getoets word. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.4
- Dit is belangrik dat die kind wie se eerste taal nie Engels is nie, se behoeftes raakgesien word in die dagsorgsentrum en dat daarin voorsien word.
- Die personeel moet die kind se eerstetaal-vermoëns verstaan, daarop bou en dit na waarde skat.
- Baie kinders wat nie Engels vlot praat nie, is baie bekwaam in hulle eerste taal.
- Kinders wat min of geen Engels praat, moenie geëtiketteer word as sou hulle taalprobleme of 'n taalagterstand ondervind nie.
- Hulle gebrek aan bekwaamheid is in Engels, nie in taal nie.
- 'n Kind mag in staat wees om in sy/haar moedertaal te konseptualiseer, maar nie in die tweede taal nie.
- Die nie-verbale taal in Engels (die intonasie, ritme, gebare, oogkontak) kan verskil van dié van die kind se eerste taal.
- 'n Tweetalige of meertalige kind sal gedy in 'n atmosfeer waar taaldiversiteit op prys gestel word.
- Om meer as een taal te praat is 'n positiewe eienskap en moet as sodanig beskou word.
- 'n Kind wat nie kan kommunikeer in die taal wat die kinders by die dagsorgsentrum praat nie, sal benadeel word.
- Die praktisyn vir vroeë kinderontwikkeling moet aan die kind die regte soort ondersteuning en begrip bied sodat hy of sy die nodige vaardighede kan opdoen. (Enige 5 × 2) (10)

5.5 5.5.1
- Dit is 'n emosionele gestremdheid.
- Die outistiese kind kan nie normaal kommunikeer nie; hy gebruik herhaling en het die verkeerde konsep van taal.

5.5.2 Dit is 'n toestand wat deur 'n breindisfunksie✓ veroorsaak word en swak taalbegrip of taalgebruik tot gevolg het.✓

5.5.3 Dit is 'n ernstige geestesversteuring✓ waar 'n kind se kontak met die werklikheid verwronge raak.✓

5.5.4 Dit beskryf die gedrag van kinders wat, met die uitsondering van 'n klein vriendekring, swyg tussen andere.✓✓

(4 × 2) (8)

5.6
- deprivasie
- oordrewe angstige ouers
- dominante ma en onderdanige pa
- swak ma-kind-verhouding
- aanpassingsprobleme
- emosionele problem of steurnis (Enige 3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 6

6.1
1. Status 1 Identiteitsverkryging✓ – die kind het deur die krisisperiode gekom en het ‘n sterk verbintenis tot ‘n loopbaan en waardestelsel.✓
2. Status 2 Identiteitsmoratorium✓ – die adolessent is steeds in die krisisperiode maar is aktief besig om verskillende alternatiewe te ondersoek.✓
3. Status 3 Identiteitsoproeping (‘Identity foreclosure’)✓ – daar was geen krisis nie, en die adolessent het hom verbind tot doelwitte en waardes, moontlik as gevolg van ouerlike invloed.✓
4. Status 4 Identiteitsdiffusie✓ – die adolessent beleef óf ‘n krisis óf nie; hy is in elk geval nie verbind tot enigiets nie en wend geen poging aan om enige verbintenis te ontwikkel nie.✓ (4 × 2) (8)

6.2
- In sy verhouding met ‘n vriend kan die adolessent sy angs, twyfel en gegriefdheid teenoor die samelewing uitdruk sonder vrees om verwerp of gespot te word.
- ‘n Lojale en betroubare vriend bied ondersteuning en sekuriteit tydens ‘n emosionele krisis.
- Vriende kan mekaar kritiseer sonder om mekaar te verwerp.
- Vriendskap bied die geleentheid om die eie innerlike te ondersoek, en mekaar se ervarings, planne, ambisies en intieme geheime te deel.

(4 × 2) (8)

6.3
- Sommiges het nie die eienskappe om ‘n leier te wees nie.
- Sommige volgers lewer ‘n klein bydrae tot die groep en is gelukkig om te doen wat die groep besluit.
- Sommige volgers is konstruktiewe lede van die groep.
- Ander lede is destruktief. (4 × 2) (8)

6.4 6.4.1 Stres kan omskryf word as die liggaam se fisiologiese✓ en sielkundige✓ reaksie op omgewingsgebeure.✓ (3 × 1) (3)

6.4.2
- Fisiese eise – lawaai, vibrasie, temperatuur, en die werksomgewing kan stresvol wees.
- Eise van die taak – skofwerk, werkslading, werkstoestande, nuwe tegnologie, kan stres veroorsaak.
- Stres weens die rol – die rol wat die werker in die werksomgewing speel kan aanleiding gee tot stres. (3 × 2) (6)

6.4.3
- Algemene pessimisme
- Eensaamheid
- Depressie
- Buierigheid
- Tranerigheid
- Gebrek aan entoesiasme vir aktiwiteite wat jy vroeër geniet het.
- Neem moeilik besluite
- Gevoelens van hulpeloosheid
- Uiterste irritasie oor klein dingetjies
- Onvermoë om te kommunikeer
- Anti-sosiale gedrag
- Swak selfbeeld (Enige 5 × 1) (5)

6.5
- In vroeë kinderontwikkeling kan dit traumaties wees; die kind raak onseker en voel dat sy wêreld uitmekaar val.
- Die kind kan afhanklik raak van die oorblywende ouer, en dit het onvolwasse gedrag tot gevolg.
- As die egskeiding plaasvind nadat die kind skoolgaande ouderdom bereik het, sal die kind se fokus verskuif na sy portuurgroep en skoolwerk
- Die kind kan anders voel in die oë van sy portuurgroep; het gevoelens van verleentheid en skaamte.
- Die kind kan skuldig voel om tyd weg van die ouer wat vir hom sorg, te spandeer.
- Die kind kan ‘n bron van manipulasie word tussen die ouers, wat hom verward en ongelukkig laat voel. (Enige 3 × 2) (6)

6.6
- Rassisme het ‘n invloed op mense se sielkundige welsyn.
- ‘n Kind moet sy of haar selfbeeld met onaangename stereotipes versoen.
- Dit kan hulle gedrag, sosiale sukses en verhoudinge met andere beïnvloed.
- Dit kan konflik, woede en angs veroorsaak.
- Mense neig om in ooreenstemming met andere se verwagtinge van hulle te lewe, hetsy positief of negatief.
- Die kind verstaan nie waarom sosiale diskriminasie toegepas word omdat hy lid van ‘n groep is nie.
- Hy of sy leer dat sy andersheid teen hom gehou word. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou